



Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap

Geskryf deur Johannes Nortier

06 Januarie 2022

Gedagte vir die week:

Jou liggaam het 'n taal van sy eie wat dikwels meer geloofwaardig is as die taal van jou tong.

Vertrekpunt:

Psalm 103

Meditasie uit die Woord:

Psalm 103 help 'n mens om te verstaan hoekom mense, wanneer hulle bid, 'n sekere liggaamshouding inneem. Om jou knieë te buig, jou nek te buig, jou kop te laat sak, jou oë te maak en jou handpalms teen mekaar te sit hoef nie 'n leë gebaar te wees nie. Dit is soos wanneer jy iemand, van wie jy baie hou raakloop, en jou arms refleksief oopgaan vir 'n stywe druk. Dit is soos wanneer jou oë toegaan van genoegdoening, wanneer jy iemand, wat baie spesiaal is vir jou, intiem soen. Dit is soos wanneer jou trane onkeerbaar loop wanneer jy diep hartseer is. So reageer jou liggaam refleksief wanneer jy in diep en intieme gebed met God in gesprek is. Dit is nie 'n valse vooraf beslote liggaamsgebaar nie, maar dit is 'n liggaamsgebaar wat diep van binne-af gebore word. Dit is jou "hart" wat jou knieë laat buig, dit is jou "hart" wat jou nek laat buig en jou kop laat sak, dit is jou "hart" wat jou oë laat toegaan en dit is jou "hart" wat jou handpalms teen mekaar laat rus. Dit is beslis nie 'n eksterne gekondisioneerde gebaar soos 'n militêre saluut wat op bevel van iemand anders gemaak word nie. Dit is 'n hartsgebeurtenis wat in vier stappe plaasvind.

1. Ek is diep bewus van wie ek is: onvolmaak en verganklik soos stof, gras en veldblom
2. Ek is diep bewus van wie God is: volmaak regsinnig en onverganklik dieselfde van geslag tot geslag
3. Ek is diep bewus van wat God doen: begripvol genadig, ontfermend, vergewend, liefdevol, vrysprekend, geduldig besig met mense
4. Ek is diep bewus van wat dit in my doen: ek wil die Here loof met alles wat in my is

En dan buig my knieë, my nek buig, my kop sak, my oë gaan toe, my handpalms rus teen mekaar en so sit ek vir lang minute aaneen In stilte, in verwondering, sprakeloos, stil ... uiteindelik is ek in gebed! En dan is daar geen plek vir lysies en gebedstegnieke nie. Lees Psalm 103 weer en weer en jy sal dit sien gebeur.

Reisgesprek en Youtube-skakel:

Op Sondagoggend 09 Januarie 2022 om 09:30 hou ons 'n reisgesprek in die kerkgebou. Jy kan aan die digitale weergawe daarvan deelneem by <https://youtu.be/2otf6xL-wbo>

Meditasie uit die Lewe:

Lied 23 in die *Sing Onder Mekaar Sangbundel* was deur die jare vir my só mooi. Ek sing dit in my loop en my ry van plek tot plek. En veral soggens, aan die begin van die dag, in die stort. Maar vandag sukkel ek daarmee, want ek het mos 'n hart vir boere en nou was dit eers droogte, toe baie reën, toe té veel reën en nou is dit sprinkane. Ons boere leef tussen rekordoste en misoeste, tussen hoop en wanhoop. En tussen dit alles deur is daar nog stakings by die hawe en diefstal van kragkabels en plaasaanvalle. En tog hou hulle nie op om te boer nie, want dit is hulle roeping! Ek wonder of hulle die lied soggens, aan die begin van die dag, kan sing.

Is die toekoms blink of duister – veilig is ek aan u hand; moedig loop ek, met u kinders, deur die onbekende land. Leer my volhou al my dae – Vader wat U doen is goed! Dwarsdeur mooi of donker dae, gee U kalmte van gemoed. Van u reg en troue liefde sing ek waar ek ookal gaan. Here, dankie vir bewaring – vêr bo wat ek kan verstaan. Is my lewenspad soms duister, hoekom dan bly vra: "Waarom?" Met die aanhou loop en luister, sal daar wel berusting kom. Laat ek nooit my lot beslis nie, al is ek daartoe instaat, hoe sou ek my nie misgis nie, as U my die keuse laat. Wil my soos 'n kind behandel, self kan ek die weg nie vind! Hou my in u vaderhande, daar's die toekoms van u kind.

Aantekeninge:

1. 'n Mens hoef nie altyd met almal en alles saam te stem nie. Ek nooi jou om saam met my die gawe van nederige en respekvolle gesprek te ontdek.
2. **As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrieff" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of nortierjohannes6@gmail.com**